INNOVATION FOR THE BLIND

MAART 2025

Badisa 'N DIENS VAN BADISA A SERVICE OF BADISA

in focus fokus

'n Jaar van groei en geleenthede

"The only limit to our realization of tomorrow is our doubts of today." – Franklin D. Roosevelt

By Innovation for the Blind glo ons dat **ware bemagtiging** moontlik gemaak word deur potensiaal te ontsluit—om verby beperkinge te kyk en geleenthede aan te gryp. Ons tema vir 2025 gaan nie net oor die skep van geleenthede nie, maar ook om persepsies uit te daag en te bewys dat vermoë werklik geen perke ken nie.

Baanbrekers soos **Joseph Matheatau**, Suid-Afrika se eerste blinde barista, en **Terelga Bald**, 'n bekwame masseerterapeut met 'n visuele gestremdheid, herdefinieer wat moontlik is—nie net as meesters van hul vakgebied nie, maar ook as mentors wat die volgende generasie oplei. Een van ons grootste mylpale die afgelope jaar, was die loods van die opwindende projek, **Refresh: Wellness and Barista Hub**. Dit is 'n plek waar Joseph en Terelga se studente met visuele gestremdhede hul vaardighede kan verfyn. Hier bedien hul **uitsonderlike koffie** en bied **ontspannende masserings** aan die publiek, in 'n ruimte waar talent gekoester word, hindernisse afgebreek word en selfvertroue opgebou word.

Een van hierdie suksesverhale is **Arthur Breedt**, wat aanvanklik baie onseker was oor sy vermoëns toe hy aangesluit het by die Barista Opleidingsentrum. Aanvanklik het hy gehuiwer om met kliënte te skakel en het hy nie selfvertroue gehad nie. Arthur se transformasie was aangevuur deur Joseph se leiding, opleiding en Arthur se deursettingsvermoë. Vandag bedien hy kliënte met trots, kan hy sinvolle gesprekke voer en het hy sy eie ritme gevind in die wêreld van koffie, dit alles deur sy posisie as permanente barista intern by Refresh. Sy reis is die toonbeeld van die impak van ware inklusiwiteit – dit herinner ons dat ontsluiting van potensiaal oor veel meer as die aanleer van vaardighede gaan; dit gaan daaroor om selfvertroue te kry en om jou plek in die samelewing te vind.

Arthur se reis is net een van vele. Regoor Innovation for the Blind het individue soos **Leslie-Ann**, **Angus**, **Flippie** en **Marthinus** geleenthede gevind om te groei en te floreer—hetsy by Refresh, ons washuis, die tuinbouspan of die metaalafdeling. Elkeen van hierdie afdelings is meer as net 'n werksplek; dit is 'n lanseerplatform vir **onafhanklikheid, waardigheid** en **doelgerigtheid**. Terwyl ons voortgaan om uit te brei, met projekte soos die uitbreiding van ons washuis tot die bekendstelling van nuwe volhoubaarheidsinisiatiewe, bly ons missie dieselfde: om betekenisvolle geleenthede te skep waar mense kan floreer en ons saam 'n toekoms vol moontlikhede bou.

Niks hiervan sou moontlik wees sonder u nie - **ons gemeenskap, vennote en vriende**. U ondersteuning versterk ons visie en help ons om 'n toekoms te bou waar vermoëns gevier word, potensiaal ontsluit word en drome bewaarheid word.

Kom ons maak saam van 2025 'n jaar van geleenthede, transformasie en bemagtiging!

Stephné Botha
Uitvoerende Hoof

"Phenomenal Women"

Innovation for the Blind is trots daarop dat ons uitvoerende hoof, **Stephné Botha**, die naaswenner was in die **Phenomenal Women in Management-kategorie**, en ons personeellid, **Terelga Bald**, die naaswenner was in die **Phenomenal Women with a Disability-kategorie** by die **Kaapse Wynland-munisipaliteit** se Phenomenal Women-toekenningseremonie.

Baie geluk aan al die wenners!

Terelga en Stephné en al die Wenners van die "Phenomenal Women Awards"

Innovation besoek verskeie gemeentes

Innovation for the Blind (IFTB) se kerkuitreikspan het verskeie gemeentes besoek, onder andere **NG Kerk Laaiplek**, **Piketberg** en **Worcester Moedergemeente**.

Ons groep inwoners het op 24 en 25 Augustus 'n onvergeetlike naweek in Laaiplek beleef. Gedurende die geleentheid het ons die voorreg gehad om ons talente met die gemeente van **NG Kerk Laaiplek** te deel, terwyl ons terselfdertyd die pragtige omgewing verken het – vir van die inwoners was dit 'n eerste kennismaking met die Weskus se betowerende see. Ons spreek ons opregte dank en waardering uit aan die **NG Kerk Laaiplek** vir hul hartlike gasvryheid, asook aan **Dwarskersbos Kampterrein** vir die voorsiening van verblyf. 'n Spesiale Woord van dank aan **ds Charl van Rensburg** en sy span vir die heerlike braai en ontbyt -dit was 'n ware feesmaal!

Op 6 Oktober het ons die voorreg gehad om die **NG Kerk Piketberg** se gemeente te besoek. Met groot waardering sê ons dankie vir die warm verwelkoming, die tyd en omgee wat ons daar ervaar het. Dit was vir ons 'n besondere eer om deur ons sang en getuienis 'n boodskap van liefde en deernis met julle te deel.

IFTB het op 19 Oktober die voorreg gehad om ons jaarlikse besoek aan die **Worcester NG Moedergemeente** af te lê. Dit was vir ons 'n vreugde om saam met medegelowiges te kon deel in die liefde, dankbaarheid en omgee vir mekaar. Ons dra ons opregte dank oor aan **ds. Jurie Wessels** en die kerkraad vir hul hartlike ontvangs en die warmte waarmee ons inwoners telkens verwelkom word wanneer ons die gemeente besoek. Jul gasvryheid en omgee beteken vir ons oneindig baie.

IFTB se kerkuitreikspan besoek NG Kerk Laaiplek

IFTB se kerkuitreikspan besoek NG Kerk Piketberg

IFTB se kerkuitreikspan besoek Worcester Moedergemeente NG Kerk

Nota:

Indien u graag vir ons wil kom besoek of ons wil nooi om by u kerk, instansie of afreeoord te kom kuier, kontak ons gerus by 023 347 2745 of stuur 'n e-pos na reception@innovationfortheblind.org

Moto Bike Shed se besoek

Die Sanlam Boland Kavaliers leer meer oor IFTB

Besoekers van oraloor

Verskeie gaste het IFTB besoek. Ons bedank elke gas vir hul belangstelling in ons organisasie.

Op 21 Julie het 'n groep motorfietsryers ons besoek en geskenke vir ons inwoners gebring. Baie dankie aan **Clinton Pienaar** van die **Moto Bike Shed** en elke deelnemende ryer. Julle vrygewigheid het 'n groot verskil gemaak.

Die **Sanlam Boland Kavaliers**-rugbyspelers het hul besoek aan IFTB baie geniet. Hulle het aan verskeie aktiwiteite deelgeneem - alles geblinddoek - om te ervaar hoe dit is om nie te kan sien nie. Die spelers het met lang kieries geloop, veerpyltjies gegooi en skaak gespeel, geleer hoe om geld uit te ken, water in 'n glas

gegooi, gebaretaal geoefen en 'n slot oop te sluit.

Ons bedank **Hilde O'Niel** vir die skenking van haar kinderboek "*Reis na die Suiderland*" in Braille. Die boek is voorgelees aan die terapiegroep en is ook beskikbaar vir inwoners wat Braille kan lees.

Op 27 Augustus het ons 6 lede van die **Reformed Church of Japan** en hul tolk, ds. Stèphan van der Watt, ontvang. Hulle het ons besoek om meer te leer oor barmhartigheid in Suid-Afrika.

Op 12 September het IFTB vier persone wat die **Ubuntu 2024 Konferensie** by Stellenbosch Universiteit bygewoon het, verwelkom vir 'n bekendstelling van ons bedrywighede.

Op 2 Oktober het 20 **Duitse gaste** IFTB besoek en verskeie aktiwiteite geblinddoek gedoen. Dit was 'n spesiale ervaring, en ons bedank die **Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit** wat dit moontlik gemaak het.

Die Sanlam Boland Kavaliers saam met Corrie Malan en Stephné Botha

Hilde O'Niel se besoek

Reformed Church of Japan se besoek

20 Duitse gaste besoek IFTB

Die Ubuntu 2024 Konferensie besoek IFTB

Baie dankie aan al ons besoekers

Die Parlementêre Portefeuljekomitee oor Maatskaplike Dienste se besoek

Mee. Griesel, Botha, Mnre Scheffler, Pool en Krenkel en Prof Schwella

Jan Kriel Stigting besoek IFTB

Op 21 November het ons die wonderlike **Anna Bergholtz** en haar metgesel, **Martin Hromada**, van Swede verwelkom. Ons het projekte met hul gedeel en geleer van hulle inspirerende werk. Anna is 'n visueel-gestremde joernalis wat fokus op diversiteit, inklusiwiteit, menseregte en gesondheid. Sy is ook 'n kampvegter vir 'n meer inklusiewe wêreld en ons is dankbaar vir hulle besoek en hoop om hulle weer te sien.

Op 24 Oktober het die **Parlementêre Portefeuljekomitee oor Maatskaplike Dienste** 'n besoek aan IFTB gebring om ons ondersteunende behuising woonstelle te inspekteer. Ons HUB, Stephnè Botha, het 'n insiggewende aanbieding oor IFTB en ons behuisingsprogram gelewer. Die komitee het die gehalte van ons dienste en fasiliteite geprys. Ons waardeer hul besoek en bedank hulle vir hul belangstelling en ondersteuning.

Op 4 November het die Duitse gaste, **mnre. Scheffler en Krenkel**, IFTB besoek om ontwikkelingsmoontlikhede te ondersoek. Hulle het ons Doofblinde Opleidingsentrum en die metaalvervaardigingsafdeling verken. Die besoek was deel van 'n breër inisiatief om plaaslike projekte te besoek, hul tegnologie bekend te stel en meer te leer oor IFTB se werk. Hulle is vergesel deur **prof. Schwella, mnr. Pool en me. Griesel**. IFTB is dankbaar vir hul belangstelling en sien uit na moontlike toekomstige samewerking.

Op 6 November het verteenwoordigers van die **Jan Kriel Stigting** IFTB besoek om meer oor ons werk te leer. Ons uitvoerende hoof, Stephné Botha, het hulle op 'n toer geneem, insluitend 'n besoek aan ons Doofblinde Opleidingsentrum en ander afdelings. Ons waardeer hul besoek en belangstelling opreg.

Anna Bergholtz en Martin Hromada besoek IFTB

Die Hollywood Foundation se omgee

Die **Hollywood Foundation** het ons geseën met 'n baie waardevolle skenking van "urns" en bloeddrukmeters. Ons wil graag baie dankie sê vir hierdie groot skenking.

Die Hollywood foundation se omgee

St Dunstan's se lang kierie wedloop en skenking

Langkierie-wedloop

Op 5 Oktober het 43 van ons inwoners en begeleiers die voorrreg gehad om deel te neem aan die **Langkierie-wedloop**, gehou deur **St Dunstan's**. Ons wil graag baie dankie sê vir **Cape Winelands** vir ons deelnemers se pragtige sakkies en vir **Piet van Blerk** vir die inhoud van hierdie sakkies. Ons wil ook graag baie dankie sê aan St Dunstan's vir die geleentheid om te kon deelneem en vir die skenking van splinternuwe tekkies vir elke deelnemer.

Besoek vanaf die "Angels"

Ons het die voorreg gehad om op 29 Oktober vier "angels" van **Angels in Action** te verwelkom om meer te leer oor ons organisasie. Hulle het die geleentheid gehad om die leefwêreld van die siggestremde te betree en te leer hoe ons inwoners uitdagings trotseer. Aan die einde van die besoek het hulle ons inwoners geseën met sakke vol liefde en omgee in die vorm van toiletware.

Angels in Action kom leer meer van IFTB

Breiwilligheid-projek help premature babas

IFTB gee terug op Internasionale Prem Dag by Tygerberg Hospitaal se Neonatale Prematuur Afdeling

Ons **Breiwilligheid-projek** het altesaam 100 gehekelde seekat- en mussiepakkies by **Tygerberg Hospitaal** se neonatale prematuur-afdeling afgegee. Ons wil dankie sê aan elke persoon wat wol geskenk het vir die projek. Jul donasies maak dit moontlik vir ons om die warmte van liefde weer met ander te deel.

Desember bring omgee

Ons wil uit die diepte van ons hart baie dankie sê aan elke persoon, gemeente en besigheid wat ons inwoners se lewens verryk het in Kerstyd. 'n Groot dankie aan die volgende donateursvriende: **NG Kerk Merweville** vir die skenking van toiletware, die **Spencer-familie** vir die spesiaalverpakte

NG Kerk Merweville se skenking

Spencer-familie se geskenke

geskenke vir ons gesinne se kinders, **APL Cartons** vir twee groot bokse vol kruideniersware en dan ook **NG Kerk Audensberg** vir bokse gevul met kruideniersware, toiletware en geskenke vir ons gesinne. Jul skenkings maak die feesseisoen spesiaal vir al die gesinne in ons sorg.

APL Cartons se omgee

NG Kerk Audensberg se geskenke

Marion Holm laat gaste lag


Marion tydens haar vertoning

Ons het op 4 September weereens die voorreg gehad om saam met 180 gaste ons jaarlikse **Out of Office**-geleentheid te vier. Vanjaar het die geliefde **Marion Holm** ons vermaak en gesorg dat die lagspiere behoorlik oefening kry!

Ons sê 'n hartlike dankie aan Marion, asook aan elke gas wat ons ondersteun en deel was van die spesiale geleentheid. 'n Besondere woord van dank gaan ook aan ons borge – sonder julle sou hierdie dag nie moontlik gewees het nie.

Dankie vir 'n onvergeetlike dag vol lag, samesyn en waardering!

Ons kelners saam met Marion

Stephné Botha gesels met Sarel, een van ons inwoners

Baie dankie aan al ons borge:

Nasionale Testamente-week

Nasionale Testamenteweek, 'n jaarlikse inisiatief van die Regsvereniging van Suid-Afrika (LSSA), moedig Suid-Afrikaners aan om 'n geldige testament te hê. Deelnemende prokureurs stel dan basiese testamente gratis op.

Jean-Jacques Naudé en **Emile Windvogel** van **J Naudé Attorneys Inc Worcester** het ons inwoners en personeel ondersteun met hul testamente. Ons wil graag aan hulle dankie sê vir hul tyd en dienste en hul bereidheid om jaarliks uit te reik na ons inwoners en personeel. Ons waardeer jul besondere betrokkenheid.

Emile Windvogel and Jean-Jacques Naudé van J Naudé Attorneys Inc

Innovation stap deur Oogsorgmaand

IFTB personeel stap geblinddoek deur Worcester

Nasionale Oogsorgmaand is 'n jaarlikse hoogtepunt op ons kalender. Van 21 September tot 18 Oktober 2024 het ons verskillende projekte aangepak om bewustheid te skep oor die belangrikheid van oogsorg en die voorkoming van blindheid.

Ons het vroeg begin deur op 13 September as 'n groep personeel (geblinddoek en met kieries) en inwoners deur die dorp van Worcester te stap ter bewusmaking.

Op 11 Oktober was ons in die **Worcester Mountain Mill Shopping Centre** waar tien van ons inwoners verskeie winkels besoek het. Terselfdertyd het ons lede van die publiek genooi om met begeleiding geblinddoek deur die winkelsentrum te stap om te beleef hoe dit voel om jou weg sonder sig te vind.

Deelnemers aan die Mall Walk in die Worcester Mountain Mill Shopping Centre

Ons wil baie dankie sê aan almal wat die dag saam met ons spandeer het en saam met ons gestap het. Verder bedank ons graag die onderskeie winkels en restaurante wat betrokke was en die dag spesiaal gemaak het. Jul omgee en ondersteuning beteken vir ons baie.

Hiermee tesame het ons ook weekliks wenke op ons sosiale media geplaas. Verskeie oogkundiges in Worcester het deur die maand gratis siftingstoetse aangebied. Ons waardeer julle betrokkenheid in hierdie maand van bewusmaking.

Baie dankie aan almal wat deelgeneem het:

Mountain Mill Shopping Centre · Pick n Pay · Boesmanland Biltong · Woolworths · Expedition North absolute outdoor · PnA · Spur · Food Lover's Market · M&B · Wimpy · Absolute Pets · Checkers · ShoeCity · mr price sport · Standard · Van Eeden & Le Roux · Torga Optical

IFTB Beheerraad met Morné, Stephné en Belinda

Uitvoerende Hoofde: Kobus (NID), Stephné (IFTB) en Basie (Badisa)

Algemene Jaarvergadering

Op 26 September is ons Algemene Jaarvergadering aangebied by Hein Wagner Academy in Worcester. Dit is ook regstreeks via sosiale media gestroom. Stephné Botha, IFTB se HUB, het 'n kort oorsig gegee van ons projekte en aktiwiteite in die finansiële jaar van 1 April 2023 - 31 Maart 2024. Ons bedank elke persoon en organisasie wat die aand saam met ons deurgebring het, asook elke persoon wat ingeskakel het op ons uitsending. Die Jaarverslag en die uitsending is beskikbaar op ons webwerf: www.innovationfortheblind.org.

Innovation KOOK!

Morné van der Merwe, 'n inwoner en werknemer van IFTB, was die **beoordelaarswenner** van die **Internasionale Golden Eye Chef-kompetisie** vir siggestremdes. Ons is baie trots op hom!

'n Spesiale dank aan **Tharina Marais van Pure Boland Market** vir die ruim skenking van kraakvars, plaaslike bestanddele vir sy dis. Hulle het tuisgemaakte pasta, basilie, heerlike pesto, parmesankaas, vars tamaties en olyfolie voorsien.

Morné het met passie gekook aan sy pasta met basilie en tamatie, wat uitstekend gepas het by vanjaar se tema vir die kompetisie – lig, maklik en gesond.

Stephné, Morné en Tharina vier hierdie prestasie

Gavin (klank tegnikus) en Sarel (regisseur)

Morné (musikant), Sanna (vroue stem) en FC (mans stem)

Die radiodrama span in gesprek met Stephné by die glansgeleentheid

Innovation op die radiogolwe

Op 6 Desember het inwoners van IFTB bymekaargekom om te luister na ***Wysie oor die Water***, 'n kragtige radiodrama geskryf deur **Albert Short**. Die drama, wat op 5 Desember op **RSG** uitgesaai is, is werklik uniek omdat elke lid van die produksiespan siggestremd is.

Om hierdie ongelooflike prestasie te vier, het ons 'n glansgeleentheid op 6 Desember aangebied, waar ons HUB, Stephné Botha 'n onderhoud met die produksiespan gevoer het oor hul reis in die vervaardiging van die radiodrama. Om hul stories en toewyding te hoor was 'n absolute voorreg. Hul harde werk en talent is werklik inspirerend.

Baie geluk aan **Sanna Antonie, FC Smit, Sarel van der Westhuizen, Morné van der Merwe en Gavin Grundlingh** met hierdie ongelooflike prestasie. Ons is baie trots op hulle! Die potgooi van die radiodrama is beskikbaar op ons webwerf: www.innovationfortheblind.org

Bejaarde avonture

Ter viering van **Internasionale Bejaardedag** (1 Oktober) het **Huis Brevis** 'n week lange viering gehou. Aktiwiteite het ingesluit 'n besoek van ons oriëntasie- en mobiliteitspraktisyn, musiek, 'n biduur, oefeninge, kreatiewe aktiwiteite, 'n besoek aan die brandweer en 'n Disney-middagete. Dankie aan almal wat die week moontlik gemaak het, insluitend **Ds. Jurie Wessels, Ann de Jager, die Worcester Brandweerdienste, Feedem, personeel en vrywilligers**.

Ann de Jager help om die litte los te maak

Bejaardes besoek Worcester Brandweerdienste

Bewusmaking: zipline saam met Minister

Op 19 November 2024 het ons HUB, Stephné Botha, en Joseph Matheatau, ons blinde barista, saam met **Provinsiale Minister Jaco Londt** die langste zipline ter wêreld by **K3 - SA Forest Adventures** naby Caledon aangedurf. Dit was ongelooflik en ons bedank Londt, K3 - SA Forest Adventures - Caledon en almal wat dit vir ons moontlik gemaak het. Ons waardeer julle opreg.

Stephné en Joseph saam met Provinsiale Minister Jaco Londt by K3

Bederf jouself met 'n dagboek

Elton Harding en Bev Peetz van Crossbow Marketing besoek IFTB

Tydens Elton Harding en Bev Peetz van **Crossbow Marketing Consultants** se besoek aan IFTB het ons nuwe projekte met hulle gedeel. Hulle is saam met ons trots op ons inwoners se prestasies en die innovasie by IFTB.

Koop 'n Executive Trend-dagboek of -muurkalender via **Crossbow Marketing** en ondersteun ons organisasie. Kontak hulle by:(021) 700 6500 of besoek hulle webwerf: https://kindhearted.co.za/product-catergory/iftb/

DAGBOEK DIE DATUMS:

- **16 Mei** Gholfdag ten bate van Blindes
- **15 Junie** Biddag vir Blindes
- **15 Junie** Innovation word 144
- **18 Julie** Mandeladag
- **3 September** Out of Office geleentheid

Jy kan 'n verskil maak!

INDIVIDUELE ARTIKEL 18A-INLIGTING:

• Voorname • Van • Identiteitsnommer •Belastingnommer
• Selfoonnommer • E-posadres • Adres

BESIGHEIDSINLIGTING VIR ARTIKEL 18A:

• Registrasienommer • Naam van Besigheid • Belastingnommer
• Adres • Kontaknommer • E-posadres

HOE OM BETROKKE TE RAAK:

• EFT • Bemaking • SnapScan • Debietorder • Lys ons as die begunstigde vir MySchool MyVillage MyPlanet kaart

SCAN ME
SNAPSCAN

Stuur asseblief die bewys van betaling aan donations@innovationfortheblind.org om u Artikel 18A-kwitansie te ontvang.

Baie dankie
aan die 25 atlete wat Innovation for the Blind verteenwoordig in die **half-marathon** by vanjaar se **Two Oceans Marathon**. Baie voorspoed met die voorbereiding en deelname!

Indien u van die poskantoor gebruik maak om ons nuusbriewe te ontvang, wil ons u graag aanmoedig om u e-pos adres aan ons te stuur om die nuusbrief elektronies te ontvang.

SMS 'BLIND' NA 40069 OM 'N R30 DONASIE TE MAAK.

VIND ONS OP: Innovation for the Blind | @innovationfortheblind | Innovation For The Blind